

# Boekresensie

## TOETSKONSTRUKSIE TEORIE EN PRAKTYK\*

J.M. Schepers  
RAU-Drukkers  
JOHANNESBURG

Die boek *Toetskonstruksie teorie en praktyk* is die resultaat van 'n leeftyd se intense belangstelling en wye ervaring van prof J M Schepers, professor in psigometrika aan die Randse Afrikaanse Universiteit.

Die doel met die boek is onder andere om aan navorsers en studente in die sosiale-, gedrags- en bestuurswetenskappe die nodige kennis omtrent die kriteria waaraan gestandaardiseerde meetinstrumente moet voldoen, te verskaf. Die outeur slaag uitstekend daarin om hierdie doelwit te bereik. Na 'n inleiding begelei die outeur die leser deur belangrike temas soos:

- Kriteria waaraan meetinstrumente moet voldoen.
- Oorwegings by die konstruksie van toetse en skale.
- Betroubaarheid, indekse van betroubaarheid en standaardskattingsfoute.
- Geldigheid.
- Itemontleding en 'n aantal spesiale probleme soos refleksie van items en meerdimensionele skale.
- Die standaardisering van psigometriese toetse.

Alhoewel bogenoemde temas aanvanklik lyk soos die inhoudsopgawe van enige algemene boek oor die psigometrika, kry die leser van die boek 'n vars, nuwe kyk na die psigometrika. Die outeur slaag daarin om die klassieke ware telling teorie uit te brei en van toepassing te maak op nie-kognitiewe toetse. Met hierdie uitbreiding word die bekende en algemeen gebruiklike formules uitgebrei en herlei om ook bruikbaar te wees vir kontinue data. Deur besonder klem te

lê op die duidelike formulering van begrippe, en die gebruik van elementêre wiskundige herleidings van formules, kan die leser die materiaal gemaklik beheers.

'n Bepaalde bydra van die werk is die herleiding van 'n gepaste formule om die betroubaarheid van batterytellings te bepaal. Vanuit die formele definisie van betroubaarheid herlei die outeur 'n teoreties verantwoordbare en praktiese bruikbare formule om die betroubaarheid van batterytellings te bepaal. Die bruikbaarheid van die formule word ook met praktyk voorbeelde geïllustreer en die resultate ook vergelyk met koëffisiënte wat volgens ander prosedures bereken is. Die ontwikkeling van hierdie prakties bruikbare formule behoort deur talle navorsers en praktisyns verwelkom te word.

'n Verdere besondere eienskap van die boek is die keuringe wyse waarop die teorie deurgaans met toepaslike praktiese voorbeelde toegelig is. Hierdeur word die boek voorwaar toeganklik vir enige ernstige navorsers en studente van die Psigometrika.

Dit is 'n werk van hoë verdienste waarin die outeur sy besondere kennis kombineer met die praktyk. Die werk is dus in die besonder bruikbaar vir alle gebruikers van gestandaardiseerde toetse, navorsers en studente.

PROF. W. J. SCHOEMAN, DEPARTEMENT SIELKUNDE,  
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

\* Beskikbaar teen R74,00 (BTW ingesluit) by Cum Laude, RAU-kampus, Posbus 91119, Aucklandpark 2006. Telefoonnommer: (011) 726-6034.